Mediaverklaring

Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
23 Julie 2009

Ekwiteitsfondse ervaar netto invloei in drie agtereenvolgende kwartale

Plaaslike ekwiteitsfondse het in die twaalf maande tot einde Junie vanjaar 'n netto beleggingsinvloei van R10 miljard ervaar. Dit is die sektor se hoogste jaarlikse beleggingsvloei in meer as tien jaar.

Kwartaalstatistieke van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) oor plaaslike kollektiewe beleggingskemas (KBS) het vandeesweek aangetoon dat die netto invloei oor drie agtereenvolgende kwartale in ekwiteitsfondse tot 'n jaarlikse prestasie van rekordomvang gelei het. Die plaaslike ekwiteitsfondse het in die tweede kwartaal alleen 'n netto invloei van R4,8 miljard ervaar.

Volgens mnr. Leon Campher, uitvoerende hoof van ASISA, val dit saam met 'n geleidelike herstel in die prestasie van die FTSE/JSE se indeks van alle aandele (Alsi) vanaf sy laagtepunt vroeg in Maart vanjaar. Die Alsi het met 'n stewige 21,7% vanaf sy laagste vlak aan die begin van Maart tot die einde van Junie verbeter. In die tweede kwartaal alleen het die Alsi met 8,3% veld gewen. Teen die middel van vandeesmaand het die Alsi 'n massiewe verbetering van 30,1% getoon in vergelyking met die laagtepunt van Maart.

Campher wys daarop dat baie min kleinhandelbeleggers egter by die sterk herstel baat gevind het. Statistieke dui daarop dat die hoë invloei na plaaslike ekwiteitsfondse gedurende die tweede kwartaal in hoofsaak van institusionele beleggers afkomstig was. Individuele beleggers het voortgegaan om hul geld hoofsaaklik in geldmarkfondse te belê. Laasgenoemde fondse het in die laaste kwartaal 'n netto invloei van R14,8 miljard ervaar en 'n yslike R59,2 miljard in die twaalf maande tot einde Junie vanjaar.

"Geldmarkfondse is nie 'n tuiste vir beleggers wat opbrengste wil verdien wat inflasie klop nie," sê Campher. "Professionele beleggingsbestuurders weet dit en dit is dus nie 'n verrassing dat dit die institusionele belegger is wat terugbeweeg na ekwiteite nie."

"Die tyd is ryp om ekwiteite te oorweeg terwyl beleggingskundiges steeds versigtig van "groen lote" praat," sê Campher. "Wanneer dié lote eers tot takke ontwikkel het, is dit te laat om baat by die opswaai te vind."

Die stand van die bedryf

Campher sê die plaaslike KBS-bedryf het vanjaar teen die einde van die tweede kwartaal oor bates onder bestuur van R703 miljard beskik ná die aandelemark se wins van 8,3% in die tweede kwartaal en die netto invloei van R34,5 miljard in die kwartaal. Die totale bruto verkope vir die kwartaal beloop R148 miljard.
Volgens Campher is die netto invloeibedrae ten opsigte van die eerste en tweede kwartale van vanjaar hoër as wat verwag is as gevolg van die ontbondeling laat verlede jaar van Remgro en Richemont se beleggings in British American Tobacco (BAT). Dit het gelei tot 'n buitengewone groot inkomste- en dividendverdeling aan onderaandeelhouers in fondse met daardie aandele. Die deel van die verdeling wat deur onderaandeelhouers herbelê is, het die netto invloeibedrag opgestoot.

"Selfs as ons vir die eerste en tweede kwartale van vanjaar die geskatte verdelings buite rekening laat wat regstreeks aan die BAT-transaksie gekoppel word, sal die netto invloei steeds aansienlik hoër wees in vergelyking met dieselfde tyd verlede jaar," sê Campher.

Die bedryf het in die eerste kwartaal van verlede jaar 'n netto invloei van slegs R4 miljard ervaar (R23 miljard vanjaar) en in die tweede kwartaal R10 miljard (R34,5 miljard vanjaar). "Die netto invloei het

aangehou styg ondanks die warboel waarin die wêreld se finansiële markte hulle in die tweede helfte van verlede jaar bevind het," sê Campher.

Die bedryf het teen einde Junie 899 fondse beskikbaar gehad.

Sektore wat invloei ervaar

Campher sê dat terwyl die meeste effektetrustsektore gedurende die tweede kwartaal 'n netto invloei ervaar het, was plaaslike vasterente-geldmarkfondse (R14,8 miljard) en veelsoortige spesialisfondse (R5,6 miljard) die gewildste fondse. Plaaslike algemene ekwiteitsfondse was die volgende op die gewildheidsleer met 'n netto invloei van R2,7 miljard, gevolg deur die plaaslike versigtig-veranderlike batetoewysingsekwiteitsektor met 'n netto invloei van R2 miljard.

Die plaaslike kleinkapitaal- en groei-ekwiteitsektore het die grootste netto uitvloeie ervaar.

Kleinhandelbeleggers bly bang vir ekwiteite

Die grootste gedeelte van beleggersgeld bly blootgestel aan vasterentebeleggings, volgens Campher.

"Dit was talle jare lank die geval en het voortgeduur tydens die bulmark wat in die middel van verlede jaar na vyf jaar ten einde gekom het.

"Terwyl die Alsi gedurende die bulmark van einde Junie 2003 tot einde Junie verlede jaar jaarliks 'n saamgestelde opbrengs van 33% gelewer het, het plaaslike ekwiteitsfondse netto uitvloeie van R5 miljard oor die vyfjaarperiode ervaar. Terselfdertyd het beleggers egter meer as R103,4 miljard aan geldmarkfondse toevertrou."

Die voorbelaste prestasiestatistieke vir die vyf jaar tot einde Junie vanjaar dui aan dat die plaaslike algemene ekwiteitsektor 18% per jaar opgelewer het wat twee keer meer is as die opbrengs van 9% deur geldmarkfondse, sê Campher.

Beleggers kan nie tussengangers verwyt vir die kontantvooroordeel in hul portefeuljes nie. Statistieke van ASISA toon aan dat 42,3% van die beleggingsvloei na geldmarkfondse in die tweede kwartaal van vanjaar regstreeks deur verbruikers uitgevoer is, sonder dat tussengangers betrokke was. Tussengangers was verantwoordelik vir net 15,8% van die beleggingsvloei na geldmarkfondse.

Volgens Campher is 'n deeglik afgewisselde portefeulje die enigste manier om beleggingsopbrengste te verkry wat inflasie klop. Die presiese vlak van blootstelling aan die verskillende bateklasse behoort met die hulp van 'n betroubare finansiële adviseur bepaal te word en gegrond te wees op die individuele belegger se risikoprofiel en beleggingsbehoeftes.

"Nadat die portefeulje bepaal is, word 'n langtermynverbintenis vereis tesame met die aanvaarding dat dit tyd is wat al die verskil in die mark teweegbring."

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Leon Campher

Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).